

Dinelle Faul

Clinical Psychologist

4 Ring Road, Three Rivers, Vereeniging. Cellphone: 082 686 7955



DIE 17 AREAS VAN KONFLIK IN ASPERGERSINDROOM-VERHOUDINGS:

Elke mens het 'n unieke wyse waarop hy verhoudings met ander mense bou. Daar is 17 areas wat verhoudings kan maak of breek. Dit wil voorkom asof kinders met Aspergersindroom geneig is om probleme in die meeste van hierdie 17 areas ondervind.

Wat meer is, is dat omstanders soos ouers, onderwysers, familie en maatjies elk op hulle eie manier op elk van hierdie 17 areas reageer. Dié wat nie kennis van Aspergersindroom het nie, is soms geneig om op wyses op te tree wat juis konflik met die kind met Aspergersindroom kan vererger.

Dit is daarom belangrik dat omstanders ingelig moet wees oor hoe 'n kind met Aspergersindroom geneig is om op te tree binne elk van die 17 areas, asook hoe omstanders hulle optrede daarby kan aanpas in 'n poging om misverstande en konflik te vermy. Tieners en volwassenes met Aspergersindroom kan ook bewus gemaak word van hoe hulle en ander mense se optrede binne elk van die 17 areas verskil.

Kom ek verduidelik:

Een van die 17 areas behels die vermoë om eerlik en opreg belang te stel in die onderwerp waarvoor 'n ander persoon gesels of dit waarmee hy besig is. Kinders met Aspergersindroom kry dit nie altyd reg nie. Die rede hiervoor is dat hulle nie weet hoe om 'n gesprek spontaan aan die gang te hou nie. Dit gebeur veral wanneer die gesprek oor iets handel waarvan hulle nie kennis dra nie. In 'n poging om hulle ongemak weg te steek sal die kind met Aspergersindroom neig om die onderwerp te verander na iets waarvoor hy baie kennis het. Sy aanhoudende gesels oor sy eie belangstellings is dus 'n poging om sy angstigtheid weg te steek en interaksie met die ander persoon te probeer behou.

Die ander persoon sien egter hierdie optrede van die kind met Aspergersindroom as selfsugtig, ongeskik en egosentriek. Mense wat nie kennis van Aspergersindroom het nie, is dan geneig om ongeduldig te raak, te raas, of selfs te onttrek omdat die kind met Aspergersindroom nie opreg in hulle doen en late belangstel nie. Hulle beleef dat die kind hulle die heeltyd in die rede val.

Wanneer mense opreg in mekaar belangstel, begin eerlikheid 'n rol speel. In die samelewing is dit sosiaal gepas om soms 'n leuen te vertel as teken van respek. Dit klink verwarrend, nê? Dink maar aan 'n situasie waar jy agter 'n lessenaar sit en onder baie druk verkeer om 'n werkstuk betyds in te handig. Skielik kom 'n kollega in en vra: “Het jy tyd? Kan ek gou iets vir jou vra?” In jou hart sou jy eerlik wou antwoord: “Ek het nie nou tyd nie.” Om egter respekvol te wees en nie die verhoudings skade te berokken nie, vertel jy 'n leuen en antwoord: “Ja, jy kan gou vra.” Die situasie raak egter meer ingewikkeld wanneer jy effe gesteurd opkyk en ook haastig na jou horlosie loer. Hierdie “versteekte liggaamsboodskap” sal die kollega onmiddelik laat weet dat dit nie nou 'n goeie tyd is om gou iets te vra nie. Die gepaste optrede sal dus wees: “Toemaar, ek sien jy is besig, ek sal nou-nou terugkom.”

'n Kind met Aspergersindroom vind hierdie sosiale leuens baie verwarrend. Hoe kan jy met jou woorde sê: “Ja, ek het tyd om na jou te luister”, maar met jou liggaamstaal sê jy: “Nee, ek het nie nou tyd nie.” Die kind met Aspergersindroom sal geneig wees om op jou woorde eerder as jou liggaamstaal te reageer.

Om opreg in iemand belang te stel beteken ook dat ons nie altyd eerlik woordeliks herhaal wat in ons gedagtes omgaan nie. 'n Gesette persoon kan byvoorbeeld nuwe klere koop en vir jou vra: “Hoe lyk ek vir jou?” Hierop sal meeste mense antwoord: “Jy lyk goed”. Die kind met Aspergersindroom mag egter oordrewe eerlik antwoord met: “Jy is vet.” Dan is die vet letterlik in die vuur met 'n volwasse persoon wat die kind met Aspergersindroom as rebels en ongeskik beleef. Meeste mense wat nie kennis het van Aspergersindroom nie, reageer hierop deur dissipline toe te pas. Die kind met Aspergersindroom verstaan egter nie hoekom hy gestraf word nie en beleef die hele situasie as onregverdig. Hulle mag met woede-uitbarstings hierop reageer.

Hoe help ek dan die kind met Aspergersindroom? Die belangrikste is om kennis te dra oor die wyse waarop 'n kind met Aspergersindroom optree binne elk van die 17 areas. Dit is ook belangrik om te weet hoe ander mense geneig is om te reageer teenoor die kind binne elk van die 17 areas. Kinders met Aspergersindroom moet bewus gemaak word van die korrekte optrede binne elk van die 17 areas. Hou egter in gedagte dat

hierdie kinders wel nuwe vaardighede aanleer, maar dit moeilik vind om die nuut aangeleerde vaardighede spontaan korrek te gebruik in verskillende situasies. Daarom is dit belangrik dat ouers, onderwysers, familie en maatjies hulle eie optrede aanpas om die kind met Aspergersindroom te kan bystaan en ondersteun.

In die area van eerlike en opregte belangstelling kan jy 'n kind byvoorbeeld leer om nie mense in die rede te val nie. Een manier om 'n gesprek spontaan aan die gang te hou is om die regte vrae te vra en dan net stilweg te luister na die antwoorde. Dit kan gedoen word deur vrae te vra wat begin met woorde soos: “Waar gaan julle visvang? Wanneer gaan julle gewoonlik visvang? Watter tipe aas gebruik julle? Hoe sit julle die aas aan? Wie gaan altyd saam met julle visvang?” Hierdie oop vrae help die spreker om in paragrawe te antwoord en inligting te deel. Ongemaklike kortaf “ja” of “nee” antwoorde wat 'n gesprek vining laat doodloop kan so vermy word.

In die area van eerlike en opregte belangstelling kan ouers, onderwysers, familie en maatjies bewus gemaak word om nie alles wat die kind met Aspergersindroom kwytraak letterlik op te neem of as 'n persoonlike aanval of kritiek te sien nie. Wees bewus van die kind met Aspergersindroom se soms oordrewe eerlikheid en moenie eksepsie neem nie.

Hier is nog 5 voorbeelde van die 17 areas van van interaksie wat verhoudings kan maak of breek:

- Hoe lok my optrede aanvaarding of verwerping uit?
- Hoe neem ek beheer, of raak ek in 'n magstryd betrokke?
- Hoe trek ek mense emosioneel nader of stoot ek hulle weg?
- Hoe druk ek my behoeftes verstaanbaar uit?
- Hoe raak ek rigied of aanpasbaar in verhoudings?
- Hoe wys ek omgee en empatie teenoor ander?
- Hoe wys ek aanvaarding teenoor ander en watter tipe terugvoer gee ek aan hulle?
- Hoe druk ek myself duidelik uit dat ander mense my taalgebruik korrek verstaan?
- Hoe laat ek ander toe om ook leiding te neem sonder dat ek heelyd in beheer wil wees?
- Hoe gebruik ek 'n nuutaangeleerde vaardigheid korrek in verskillende situasies en tussen verskillende mense?
- Hoe ontvang ek goedkeuring en erkenning vir dit wat ek doen in verhoudings?
- Hoe gee ek erkenning aan my eie aandeel, maar ook die aandeel van ander mense aan dit wat verkeerd loop in my verhoudings?
- Hoe gebruik ek probleemoplossingsvaardighede om my verhoudings te laat werk?
- Hoe verbeter ek my verhoudings deur te gesels oor “hoe ek gesels” met ander mense?
- Hoe beïnvloed trauma wat ek deurgegaan het my huidige verhoudings?
- Hoeveel van bogenoemde 16 areas raak my verhoudings negatief? Kan dit nie dalk help dat ek met 'n terapeut hieroor gesels nie?